

# MARATHON-MAATSTAWWE VIR SPELE

## Nzima kwalifiseer in Seville met 'n 2:11:42

### Sarel van der Walt

Johannesburg. – Atletiek Suid-Afrika (ASA) kou vanoggend aan 'n taai toffie wat boonop begin suur word.

Nadat nie 'n enkele atleet Sa-terdagoggend in Oos-Londen op die Suid-Afrikaanse marathonskawpoenskap vir die Spele kon kwalifiseer nie, het die Sentraal-Gautengger Sibusiso

Nzima gisteroggend in die Se-ville-marathon in Spanje vierde geëindig en met 'n tyd van 2:11:42. Daarmee het hy gekwa-lifiseer vir die Olimpiese Spele in Augustus in Rio de Janeiro, Brasilië.

Nzima het ná sy wedloop in Seville aan Nick Bester, die Nedbank-spanbestuurder, laat weet hy was ná 35 km se hard-loop nog saam die voorlopers.

thons vir die Spele te kwalifi-seer. Van hulle het nie die afge-lope drie jaar aan die SA marathondelgemeen nie.

Een van hulle is Lusapho April wat op 10 April in Han-nover, Duitsland, hoop om weer 'n tyd van vinniger as 2:10 te hardloop.

Gauteng-Noord se Lucas Jani het in Oos-Londen in baie win-derrige toestande en op 'n moei-like roete in 2:21:32 gewen.

Die kwalifiserende maatstaf van die Internationale Vereni-ging van Atletiek-federasies (IAAF) is 2:19:00. Die wedloop vir vroue is gewen deur Patien-ce Khumalo (Gauteng-Noord) in haar debuut-marathon in



**Sibusiso Nzima (middel) het**

**gister vir die Olimpiese marathon gekwalifiseer.** Foto: JACO MARAIS

**vereiste van deelname voldoen.**

**Verskele atlete hoop om teen April in vinnige oorsese mara-**

Krampe in beide sy bene het veroorsaak dat hy sy pas toe van 3:05 per kilometer tot 3:20 moes verslap.

ASA sit nou met 'n dilemma ná die SA marathonkampioen-skap.

Hy het dit duidelik gemaak dat atlete wat nie die afgelope drie jaar aan 'n SA marathon-kampioenskap deelgeneem het nie, sal nie in aanmerking kom vir die span Spele toe nie.

Hoewel enkele van die land se voorste marathonatlete Sa-terdag in Oos-Londen deelge-neem het, het hulle dit bloot as 'n lang oefensessie gebruik en nie die volle afstand afgelê nie. Dié atlete wou net aan ASA se

2:47:21 – ook meer as twee minute stadiger as die IAAF se maatstaf van 2:45:00.

■ Daar was olnangs reeds aanduidings dat die 29-jarige Nzima groot plame het, toe hy op 'n byeenkoms van Sentraal-Gauteng in Germiston 'n puik binnelandse tyd van 28:48 in die 10 000 m gehardloop het.

Hy was op verlede jaar se SA baan-en-veldkampioenskap in Stellenbosch in baie winderie toestande tweede ná Stephen Mokoka in die 10 000 m.

Volgens Bester voldoen Nzi-ma aan ASA se Spele vereistes. Hy het Suid-Afrika ook al op die Wêreldkampioenskap ver-teenwoordig.